Die Lantern

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult

Jaargang 4 #14 10 Mei 2015

09:30 Oggenddiens

Ds Willem Steyn

Tema: Vanaf die tafel van ons Verlosser na 'n lewe as verlosdes

Sing: Ps 130-1: 3,4
Sing: Ps 105-1:1; 105-2: 2,3,11
Sing: Ps 30-1:3 (Kinderbegeleiding)
Sing: Ps 119-2: 4,5
Skriflesing: Lukas 22:14-20 en 1 Korintiërs 10:1-11:1 **Teks:** 1 Kor 10:16-17
(Preekbegeleiding)
Nagmaal
Sing: Sb 17-3:1 Lied 188:1,3
Sing: Ps 33-2:1,4, 33-1:11
Amen Sb 13-2

11:30 International Service

Rev Willem Steyn

Theme: From the table of our Saviour to living a saved life
Scripture reading: Luke 22:14-20 and 1 Corinthians 10

18:00 Aanddiens

Ds Fanie Coetzee

Tema: Vreemdelingliefde

Loftrysing

Lied 431:1, 2
Lied 432: 1, 2
Lied 434: 1, 2, 3

Sing: Ps 146-1:3,7,8
Sing: Ps 137-2:1,2
Skriflesing: Deut. 10:12-22 en Ef.2:11-22
Teks: Deut. 10:18,19
Sing: Ps 105-2:4,5,8
Amen: Sb 13-1

Ouderlinge en Diaken aan diens	Ouderlinge: Piet van Wyk & Francois Venter	Diaken: Lizelle le Roux

Verantwoordelikheid teenoor vreemdelinge

God se gesindheid teenoor vreemdelinge

1. God ag die onderdrukking van vreemdelinge 'n ernstige oortreding
   Jer. 7:2–7; Eseg. 22:29, 31
2. God verbied die onderdrukking van vreemdelinge
   Jer. 22:3; Sag. 7:8–10
3. God vergewe vreemdelinge
   Num. 15:22–26
4. God het vreemdelinge lief
   Deut. 10:17–18
5. God beloof redding aan vreemdelinge
   Jes. 56:1–8
6. God beloof om diegene wat vreemdelinge onderdruk te straf
   Eseg. 22:7, 13, 29, 31; Mal. 3:5
7. God beskerm vreemdelinge
   Ps. 146:9
8. God voorsien aan vreemdelinge
   Deut. 26:1–11

Welkom hier!

Dian van Eeden
082-510-4377

Etienne van Loggerenberg
076-783-4506

Nico Bijzet
083-689-2054

Wil jy ook by ons gemeente inskakel?
Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

☐ Ek wil graag 'n lidmaat word
☐ Ek wil graag huisbesoek hê

Naam: .....
Telefoonnommer: .....

Gooi in kollektesakkie / Gee in by kerkkantoor

Gelowiges se plig teenoor vreemdelinge

1. Sien vreemdelinge as gelyk in status
   Eseg. 47:21–23
2. Sien vreemdelinge as deel van God se verbondsvolk
   Deut. 29:9–15; Deut. 31:12; Jos. 8:33–35; Jes. 14:1
3. Wees gasvry teenoor vreemdelinge
   Matt. 25:34–35; Heb. 13:2
4. Verafsku die onderdrukking van vreemdelinge
   Ps. 94:1–6
5. Moenie vreemdelinge onderdruk nie
   Eks. 23:9
6. Wees vrygewig teenoor vreemdelinge
   Lev. 19:9–10; Lev. 23:22; Lev. 25:35–37; Deut. 14:28–29; Deut. 24:19–21
7. Betrek vreemdelinge by die geloofsgemeenskap
   Eks. 12:17–19; Eks. 12:43–49; Eks. 20:8–11; Eks. 23:12; Lev. 22:17–19; Deut. 16:9–12; Deut. 16:13–15
8. Wees lief vir vreemdelinge soos vir jou eie mense
   Lev. 19:34; Deut. 10:19
9. Handhaaf gelyke geregtigheid vir vreemdelinge
   Lev. 24:22; Deut. 1:16–17; Deut. 24:17; Deut. 27:19; Job 29:16
10. Toon respek aan vreemdelinge
    Deut. 23:7–8
11. Onderwerp vreemdelinge aan dieselfde wetlike beperkinge en beskerming as Israeliete
    Lev. 17:8–16; Lev. 18:26; Lev. 20:2; Lev. 24:15–16; Num. 9:14; Num. 15:14–16, 29–30; Jos. 20:2–3, 9; Eseg. 14:7–8
12. Behandel vreemdelinge regverdig
    Eks. 22:21; Lev. 19:33; Deut. 24:14–15

Oorgeneem en vertaal uit:
Topical analysis of the Bible

Verjaarsdae

Vandag, 10 Mei
Bartho Pasch 083-255-9732

Maandag, 11 Mei
Marianne Nagel 082-855-2163
Zak Rost 4 082-875-8295

Dinsdag, 12 Mei
Jamie Ramage 072-659-5479
Naudé Schoeman 10 073-142-3899

Woensdag, 13 Mei
Germari Kruger 076-337-7290
Nic Laubscher 083-252-9266
Lia Smit 018-294-8670

Donderdag, 14 Mei
De Wet Kruger 082-257-0703

Vrydag, 15 Mei
Annetjie du Plessis 018-290-5139

Saterdag, 16 Mei
Nicolene Rutherford 082-867-6456
Pieter van der Zwan 083-417-5904
Nico Welman 20 082-225-2188

Teeskinkbeurte

10 Mei
Wyk 5 (Christa Smith - 0734589555)
KG 5 (Lizelle le Roux - 0794280191)

17 Mei
Wyk 6 (Lowisa Smit - 0845834327)
KG 6 (Hanlie Steyn - 0836548652)

24 Mei
Wyk 7 (Paulina vd Walt - 0825674727)
KG 7 (Ina vd Walt - 0847007034)

Baie dankie!

In die wintermaande drink die lidmate van die Internasionale Diens ook tee en koffie (ipv koeldrank). Onthou asb om nie die urn, koppies, ens. te bêre na die Oggenddiens nie.

Bediening aan gevangenes

Dankie vir elkeen wat bereid is om betrokke te wees by hierdie bediening – daar is nog geleentheid om betrokke te raak. Ons is nog besig om toegang te verkry by Korrektiewe Dienste, maar die proses behoort eersdaags afgehandel te wees. Inkskrywingsvorms kan by Fransa ingedien word – Willem en Fanie sal help met die skryf van die pastorale aanbevelingsbriewe.

Meelewing

Ons gemeente is saam met die gemeenskap van die Puk en Potch geraak deur die skielike afsterwe van **Ig Vorster**. As skriba en ouderling het hy 'n groot rol vervul in ons gemeente. Ons troos is daarin dat Ig in die Here Jesus Christus ontslaap het. Mag die Here deur sy Gees steeds troos en bemoediging gee aan **Esté** (082-923-1958) en hulle kinders **Jan** (083-307-4036) en **Hattie** en hulle gesinne. Ons dink ook aan tannie **Hattie Martins** (018-294-4992), Esté se moeder, wat op 96 jarige ouderdom ook deel van ons gemeente is.

Begrafnisreëlings: Dinsdag om 11:00 by graf (Ou-Potch Begraafplaas); 12:00 diens in ons kerkgebou)

Ons is bly dat **Willie Coetzee** (082-826-3310), wat vir longontsteking in die hospitaal behandel was weer tuis is.
Proffie van Vuuren (082-083-2454) is weer tuis na 'n vinnige draai in die hospitaal. Ons is dankbaar dat dit goed gaan.
Ons dink aan **Rina** en **Joggie Muller** (082-709-6780) saam met die kinders – hulle moeder en ouma, tannie Adri de Kock, is in uiters verswakte toestand in die Mooimed Hospitaal. Tannie Adri is ook oom **Bert** en **Hendrien Venter** (018-294-5595) se suster.

Pinkster op die Bult

Die herdenking van die uitstorting van die Heilige Gees is 'n besondere gebeurtenis wat ons as gelowiges en die kerk in sy geheel met blydskap vier. Ons beplan om jou as gelowige, en ons as gemeente, by te staan in die verdieping van ons verhouding met die God, die Heilige Gees. Mag ons groei in ons verstaan en belewing van die feit dat die Gees in ons teenwoordig is en in ons werk.

Uitreike

Ons wil elke lidmaat, elke wyk, elke Bybelstudiegroep en elke Kleingroep uitdaag om in hierdie tyd 'n uitreikgeleentheid in, op, of oor die Bult te doen. Pinkstertyd herinner ons aan die begin van die Nuwe Testamentiese kerk en die uitdra van die Evangelie oor die hele wêreld. Dit kan 'n eenmalige aksie of die begin van 'n voortdurende aksie wees. Op Sondag 24 Mei, tydens ons saameet met lidmate van Venterskroon, wil ons geleentheid skep om te kom vertel wat die Here in die tyd gedoen het.

Uitreike wat reeds beplan word waarby jy(of jou gesin/kleingroep) kan inskakel:

1. Insameling van komberse vir behoeftige mense: Kontak Rudi van der Merwe 082 406 2869
2. Besoeke of Bybelstudie saam met die mense, wat deel is van ons Tswana bediening: Kontak Martiens Heymans 072 934 9135
3. Besoeke aan ons bejaarde lidmate, wat moeilik of glad nie meer na ons gemeente aktiwiteite toe kan kom nie: Kontak Ans Geertsema 073 192 8976
4. Moontlike projek by Thakaneng kinderskuiling: Kontak Nico Botha 071 264 0990
5. Ons gaan Sondagaand 17 Mei na die erediens sing by die hospitaal/ouetehuis.
6. Kleingroep 6 wil 'n groentetuin/opheffingsprojek in 'n plaasgemeenskap doen: Kontak GP Schoeman 076 775 0359

Onthou die G5 Koffiekarretjie is beskikbaar om koffie op die Bult te gaan gee. Die sopkombuis vind elke Maandag plaas, so daar kan ook 'n geleentheid wees om iets te doen. Venterskroon-klere-insameling is ook nog aan die gang. Is daar nie iets wat ons vir die personeel van Beskermingsdienste kan doen nie? Is daar al 'n groep wat ons lidmate uit ander lande ondersteun in hierdie spannende tyd vir hulle? Dink iemand aan die polisie en ander noodpersoneel? Hoe kan ons kinders deel wees van hierdie uitreikgeleenthede?

Laat weet asb vir Willem Steyn as jy nog idees vir projekte het of wonder oor hoe om 'n projek te loots.

Preekreeks

Ons beplan om op 17 en 24 Mei 'n preekreeks vanuit Efesiërs oor die Heilige Gees te hou. Die volgende gedeeltes word behandel. Ef.1:3-14, Ef.1:15-23 en Ef.3:14-21

Kleingroepriglyn

Ons gaan 'n kleingroepriglyn uitwerk met die versoek dat kleingroepe vanuit Ef.5:18 'n byeenkoms hou wat hulle dan toepas op een, of meer van die verhoudinge wat in Ef 5, 6 aangeraak word.

Bult 103

Bult 103 – Die Persoon en die werk van die Heilige Gees. Prof Ferdi Kruger gaan DV op Sondag 17 Mei om 16:30 'n geleentheid lei om, ook uit Efesiërs, vir ons toerusting te gee oor die Persoon en die werk van die Heilige Gees.

Pinkster op die Bult

Saameet

Op Sondag 24 Mei eet en kuier ons saam met lidmate van Venterskroon. Hou solank die middag oop asb.

– Gesamentlike Diens –

Ons jaarlikse gesamentlike Pinksterdiens met Oos, Mooirivier, Venterskroon en ander gemeentes vind DV weer op Sondag 24 Mei om 14:30 in ons kerkgebou plaas. Die diens het 'n multikulturele karakter en is gerig op die belewenis van die eenheid in die Here, al is ons gelowiges uit verskillende agtergronde en kulture. Lidmate wat gewoonlik ons internasionale diens bywoon skakel ook by die diens in.

Geskenkpakkies vir Venterskroon

Saterdag 16 Mei

* Pakkiesmaak vir Venterskroon gebeur op Saterdag 16 Mei in ons kerksaal. Bring asseblief laaste bydraes hierdie week na die kerkkantoor.
* Ons benodig asseblief 30 mense om te kom help sorteer en pak. Studente is ook baie welkom! Ons begin 8:30 en hoe meer hande, hoe vinniger werk ons. Laat weet my asseblief as jy kan help, anders lê ek hierdie week elke aand in die bed terwyl ek berge klere onophoudelik sorteer.
* Kan jy dalk help om die pakkies Sondagoggend 17 Mei na die kerkplek by Venterskroon te neem. Terug betyds vir Potch Bult se erediens. Ek hoor graag van jou.

Marie 082-442-0018

Die volgende Diakonievergadering sal plaasvind op 17 Mei (nie meer 10 Mei nie).

Liefdegawes

Wat is die verskil tussen meelewing en liefdesdiens van die diakens?

Die liefdegawes wat vir die meelewingsfonds ingesamel word, word hoofsaaklik aangewend vir verversings tydens kerkfunksies, begrafnisse, saamkuiergeleenthede, ens. Daarenteen word die liefdegawes vir liefdesdiens van die diakens gebruik om behoeftige gesinne wat lidmate van ons kerk is, maar ook nie-lidmate, te help met hulle maandelikse uitgawes.

Liefdegawes tydens die diens word vir die Liefdesdiens van die diakens gebruik.

Die OnderOnsie (ons gemeente se boekie met almal se kontakbesonderhede in) gaan weer binnekort gedruk word. Stuur asseblief jou adres, selfoonnommer en e-posadres vir Fransa by gkbult@gmail.com of SMS / WhatsApp na 076-391-7578.

‘n Nag van angs en redding in Meiringspoort

Maandagmiddag 23 Maart om halfvier klim ons in die Greyhound bus op Mosselbaai. Die verwagting is dat ons teen 7 uur die volgende oggend in Potchefstroom sal aankom. Die Outeniqua berge se kruine is in die wolke en almal is dankbaar vir die reën en beloftes van reën in die Karoo.

Sterk skemer ry die die bus Meiringspoort in. By ‘Laaste Drif’ word ons ingelig dat die bus daar sal staan totdat die water afgeloop het. Die water styg geleidelik. Na ’n tyd word ‘n paar polisiebeamptes ook opgelaai (hulle was ook vasgekeer) en hulle motor is besig om weg te spoel. Die hele onderstevloer van die bus is nou onder water. Hulp word vanaf Beaufort-Wes ontbied. Ons word aangeraai om almal bo in die bus te gaan sit. Die bus begin skrikwekkend heen en weer wieg in die krag van die stygende water. Gillende passasiers beur die dakluik van die bus oop om op die dak van die bus te klim, ’n brawe jongman swem deur om ’n trekband, wat beskikbaar was, aan die kranse te gaan vasmaak sodat mense kan uitkom, ten minste tot op die krans. Ons bid saam met die psalmdigter Psalm 121: “Ek slaan my oë op na die berge waar sal my hulp vandaan kom. My hulp is van die Here alleen.....” Die bus rol agteruit en kom met ’n ruk tot stilstand en effens skuins soos op die foto te sien. Die reuse bus het van die pad afgespoel tot teen die krans. Die hele onderste deel van die bus is onder water. Nege mense haal die krans, die ander besluit om maar te bly sit. Die water het nou reeds die boonste vloer bereik en ons sit enkeldiep in die water. Die water styg nie hoër nie.

Hulp voertuie is sigbaar oorkant die drif maar die water is so sterk dat niks of niemand by die bus kan uitkom nie. Die water sak en na middernag kan ons uitklim en word ons oorgehelp deur die drif en na die Klaarstroom polisiestasietjie geneem waar ’n bus beskikbaar is om ons na Beaufort-Wes te neem, nat bagasie ook. Na ‘n rit in ‘n ander bussie kom ons eenuur die middag in Bloemfontein waar ons oorklim in ’n Greyhound bus wat van Johannesburg af gestuur is. Ons arriveer ongeveer vieruur die middag in Potchefstroom. Dankbaar teenoor ons Hemelse Vader dat ons dit oorleef het.

Wouter & Salome Jooste

Enige resep is welkom!

Ons wil graag ’n resepteboek vanuit ons eie gemeente bekendstel. Deel met ons jou gunsteling resep asook die storie agter dit. E-pos dit na mercia.venter72@gmail.com en eunicestoltz@gmail.com of gee vir ons ’n kopie by die kerk. Vir meer inligting kontak Mercia Venter: 083-468-2075 of Eunice Stoltz: 083-595-8981

www.scriptura.co.za

Ons vind vandag heelwat inligting op die internet vanuit allerlei geloofskringe. Tog, is die Gereformeerde stem op internet taamlik stil.

Dit is juis om hierdie rede, dat die webblad www.scriptura.co.za op die been gebring is. Dit is 'n webblad wat poog om 'n groot databasis van artikels asook preke van predikante en teologiese studente in die Gereformeerde Kerk te versamel.

Jy kan dus gerus op die webblad gaan soek vir antwoorde op vrae soos: is aborsie reg of verkeerd? Hoe moet ons Openbaring verstaan? en nog vele ander. Daar is byna daagliks nuwe leesstof!

Gaan kyk gerus!

Kontak my gerus as jy vrae het, of, as jy iets op die webblad wil plaas!

Marnix Boersema

071 363 5456 / marnix@scriptura.co.za

Ons straatkinders & Thakaneng (4)

As 'n kind eers op straat beland het, het al die steunpatrone weggeval. Dan word die gebrek aan gewone dinge soos 'n geboortesertifikaat 'n ernstige saak. 'n Geboortesertifikaat is weer 'n probleem omdat die ma nie 'n ID het nie en die skool kan ook net so lank wag vir die regkry van die papierwerk! Daarom moet die skool gehelp word om geduld te hê en om die gewese straatkind teen afknouery deur ander kinders te beskerm. Onderwysers moet dus ook berading en raad kry want as hulle nie 'n tweede stel ouers word nie, sal die straatkind maklik wegloop na die straat waar hy voel dat hy tussen sy maats aanvaar word. Bid asseblief vir die skoolkinders en onderwysers wat 'n veiligheidsnet moet wees vir die uitgeworpenes! (Telefoon/Faks: 018 297 0825; langs SASSA, naby Ikageng se ingang).

Senior Lidmate (70 en ouer)

Vanoggend vier ons die sakrament van die Nagmaal. Mag die Here ons versterk in ons geloof in, en eenheid met Jesus Christus.

Hemelvaartvieringe

Eerskomende Donderdag is die viering van die Hemelvaart van ons Here Jesus Christus. Die betekenis en gevolge van sy hemelvaart is vir ons as gelowiges nie minder belangrik as sy geboorte, kruisiging en opstanding nie en vorm deel van die groot Verlossingsplan van God. Om dit te vier ontvang ons Laerskool Mooirivier die oggend om 8 uur in ons kerkgebou. Daar is ook die aand om 7 uur 'n gesamentlike diens met Oos en Mooirivier in ons kerkgebou.

◇ ADVERTENSIES ◇

Reis na Namakwaland

'n Reis word beplan na Namakwaland van 23 Augustus tot 6 September 2015. Die bedoeling is in die eerste plek dat dit 'n fotografiereis is, maar enige ander belangstellende is ook welkom. Hiermee dus dié uitnodiging.

Die reis is in die vorm van 'n selfbespreekreis, wat beteken dat ek die detail van datums en plekke sal verskaf en dat jy die besprekings moet doen. Ek sal wel help met die besprekings. Verder kan jy self besluit op watter manier jy jou verblyf wil reël (byvoorbeeld gastehuise of kampering). Jy ry ook met jou eie motor, bakkie, motorfiets.

Die roete sal ongeveer soos volg wees: Vanaf Potchefstroom oor Upington na Springbok. Van daar suidwaarts tot by Citrusdal se omgewing en dan weer noord- en noordooswaarts tot by Nieuwoudtville. Van daar via Upington terug Potchefstroom toe.

Laat weet gerus as jy belangstel.

Johan de Klerk (johan@towerlantern.co.za of 082-884-7061)

Woonstel te huur

Mooivallei hoewes. Twee kamers vir 1 manspersoon. Semi gemeubileerd. Een dubbelbed en 'n groot ingeboude kas; boekrak; gordyne; koffietafel en twee stoele. Deel badkamer en kombuis (toegerus) met 1 ander manspersoon. Stil omgewing, 1.6 km. van NWU. Huur R2400-00 pm. + krag. Skakel: 0721302026

Steve and Rissa Curtis, American missionaries presently staying in Potchefstroom, need someone to help care for their baby a few hours a day when Steve travels out of the country (his next trip is May 15-20). They also need a crib.

They may be reached at 074-136-4314 or steve@timothytwo.org.

Dringend opsoek na 'n voltydse huishulp wat goed is met kinders. Kontak: 082-336-8466 of louise.wyma@nwu.ac.za

---

Vir kunsklasse of raamwerk kontak Celia Kruger by 074-180-3449.

Kerkkantoor 018-297-4843 (tel)
086-750-5339 (faks)
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za

Ds Fanie Coetzee: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
Ds Willem Steyn: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com

Skriba: Jaap Verhoef: 018-294-6502
Orrelistes: Jetty van Rensburg: 083-439-7379
Annatjie Verhoef: 072-391-2552
Koster (Molen): Piet van Maarleveld: 084-776-6113
Koster (Gerrit Dekker): Wilma Herbst: 082-965-7525
Internasionale diens: Ray Everson: 018-290-6782
Katkisasie: Braam Pieterse: 082-923-4881
Kinderbegeleiding: Marida van Eeden: 084-678-3863
Preekbegeleiding: Henriette vd Zwan: 082-859-2229
Dataprojeksie: Adelle Lotter: 083-286-3811
Klank: Stefan Linde: 072-811-1665
Tolkdienste: Kerkkantoor: 018-297-4843
Preekopnames: Kerkkantoor: 018-297-4843

Diakonie: Elsa Els: 082-460-0939
Omgee-groep Seniors: Ans Geertsema: 073-192-8976
Sopkombuis: Elsa Els: 082-460-0939
Kosbank: Kerkkantoor: 018-297-4843
Susters: Judie Coetzee: 082-619-4620
Onthaalkomitee: Retha van Wyk: 083-967-1511
G5 Bediening: Ds Willem Steyn: 082-854-3587
Musiekbediening: Hanlie Steyn: 083 654 8652
Bedieningskommissie: Jan Geertsema: 083-271-6570
Eiendomskommissie: Faan van Wyk: 082-551-7782
Liturgiese Werkgroep: Lou van Wyk: 084-520-1086
Finansiële kommissie: Carools Reinecke: 082-568-5652
Kassier: Paul Delicado: 082-574-2204

Skakel gerus met Fransa by die kerkkantoor (Weeksdae van 08:00 - 13:00) vir:
Algemene navrae, Lantern (saktyd Donderdae om 10:00), Preekopnames, Webbladnavrae, ens.

Bankbesonderhede
Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
ABSA Tomstraattak 670-264-661 (Tjekrekening)
Verwysing: Van, voorletters, Wyk / KG